I.3810

Alexander Galbraith Dick, Id nommer 5902165006083, verklaar onder eed
Ek is n volwasse man woonagtig te 14 Drommedaris straat Hooikraal Moorreesburg met sel nommer 0828950969.

Ek is die wettige eienaar van bovermelde perseel. Die eiendom is n kleinhoewe en is in gebruik as n perdry skool. Die eiendom is al in die mark om te verkoop vir ongeveer 18 maande.

Verlede week Maandag 26/10/2014 het n agent van Harcourts Martie Breitenbach my gekontak en gese sy het n klient wat belangstel. Sy het gese hy is n dokter en teel met Border Collie honde. Ek het gese dat hy enige dag van Woensdag tot Vrydag kan kom kyk. Sy het my later in die week laat weet dat die Dr siek is en sal laat weet wanneer hy kan kom kyk. Op Vrydag 1 November het sy my geskakel en gevra of die man na die plek kan kom kyk sonder dat sy saamkom aangesien dit reeds laat was. Ek het ingestem.

Hy het na 18h00 opgedaag en na die perseel gekyk. Hy het hom voorgestel as Dr Jan Cilliers van Malmesbury en gese hy teel die Border Collies as companion vir sy pasiente. Hy het gese hy sal die plek koop en aansoek doen vir n teellers permit by Swartland munisipaliteit en gese hy sal Maandag die 4 de November saam met die agent die koopbrief opstel en bring. Hy het gevra of hy solank die perde stalle kan huur vir die honde aangesien hy sy koop in Hopefield gekanselleer het omdat die huurder en werkers nie die perseel wil verlaat nie. Ek het ingestem en daar is gereel dat hy sy honde Saterdag 2 November sal bring. Die huur sou deel uitmaak van die koopbrief. Toe hy ry wys hy ons n teefhond met 5 kleintjies wat in n hok agter in sy kar sit en vra het ons nie plek vir haar vir die nag. Weereens het ons ingestem en haar in ons honde kennel gesit.

Op Saterdag 2 November het hy opgedaag met ongeveer 20 honde in totaal en die stalle toegemaak vir die honde. Daar was nog n teef met 4 kleintjies. Hy het gese sy het 7 kleintjies gehad maar dat 3 dood is sedert verlede donderdag. Later die middag het hy gevra of hy vir die aand op ons perseel kan slaap om seker te maak die honde is stil. Hy het verskriklik klem gele op die feit dat sy honde opgelei is en nie onnodig blaf nie.

Op Sondag 3 November het ons n privaat funksie met vriende gehad wat by ons kom braai het en ons het nie veel aandag aan hom en sy honde gegee nie. Die honde het baie geblaf maar ek het dit toegeskryf aan vreemdheid op n nuwe plek.
Nadat my gaste weg is het ek rondgestap en opgemerk dat sy voertuig n blou/silver Mercedes Benz CL150 SUV tipe Limpopo nommer plate op het asook die Jurgens sleepwa waarmee hy sy goed vervoer het. Mercedes FSL657L en die sleepwa CDC494L. Die Mercedez se lisensie skyfie was net geldig tot 2022. Toe ek hom daaroor vra het hy gese hy het die voertuie gekoop by n vriend wie tans in China werk en dat hy sukkel om die papiere te kry. Op die Sondag middag het hy en die vrou wie sy assistant is Michele gery.
Ons het begin onraad vermoed en het navrae gedoen oor die man en begin agterkom dat hy n swendelaar is wat mense so belieg oor sy dokterskap en geld.

Op Maandag die 4de November het hy my laat weet dat hy verskeie belangrike vergaderings het en later sou kom om die honde te versorg en die koopbrief te bring. Die agent het my laat weet dat sy hom nie in die hande kry nie en bekommerd is. Deur die loop van die dag het ek meer uitgevind oor hom

onderandere n Network 24 berig dat hy in 2016 gearresteer was vir bedrog. Ek het meer uitgevind oor sy Hopefield koop en is ingelig dat hy sy honde vir dae alleen gelos het sonder kos en water en ook dat hy nie sy waarborge ivm die koop gelewer het nie en dat die verkoper hom afgesit het. Nie soos hy beweer dat hy die koop gekanseller het nie.

Hy het eers na 16h00 hier opgedaag en die honde versorg. Ek het niks gese oor wat ek uitgevind het nie en hy wou he ek moet n huurkontrak teken vir die stalle en die Parkhome waar hy geslaap het. Ek het gese ek teken niks hy moet n koopbrief saam met die agent opstel.

Hy het weer die nag hier geslaap.

Op Dinsdag die 5 de November het hy vroeg oggend vertrek nadat hy die honde kos gegee het. Ek wil net noem dat die kos is Bentji en die honde eet dit nie. Op dieselfde dag het die DBV inspekteurs opgedaag asook die agent en die agent het vir hom n kennisgewing gestuur dat hy die honde en al sy goed sleepwa ens moet verwyder voor 17h00 op die 5de aangesien hy in gebreke gebly het om die koopbrief te voltooi en nie n huurkontrak het nie. Hy het versuim om dit te doen op die dag en ook daarna.

Vanaf Dinsdag 08h00 tot en met vandag Vrydag 8ste November was hy nog nie weer hier om sy honde te versorg of die stalle skoon te maak nie. Die honde was sonder kos en water. Van die hokke het nog steeds van die gemors Benji kos in. Die honde eet dit glad nie.

Hy en die Michelle het heeltyd vir ons laat weet hy sukkel met sy hart en moet vir EKG toetse gaan by Tygerberg hospitaal en dat hy nou eers na sy eie gesondheid moet kyk. Ons het geen reeling met hom gehad om sy honde te versorg nie.

Ons het hom ook nie toegang tot die perseel geweier nie maar wel vir hom gese dat hy nie na ure moet kom omrede dit al reeds so n groot rusverstoring is met die honde en aan ons gese was dat hy baie kere tot so laat as 23h00 by die perseel op Hopefield opgedaag het.

Ek het ook vasgestel dat die sleepwa se registrasie plate vals is en aan n Volkswagen Golf behoort. Die liesensie skyfie is vir n sleepwa met n CK 58396 behoort. Eienaar is L Coetser van Pastorie straat 8 Malmesbury behoort.

Ons het sedert Dinsdag nog geen behoorlike slaap gehad soos die honde blaf. Ons het verskoning aan ons bure gebied en gevra hulle net net geduld he vir n paar dae. Daar is 2 honde wat heeltyd uitbreek en ons perde aanval asook ons werker.
Die man is bloot nie instaat om na die diere om te sien nie want hy het nie geld nie en het geen ander plek om hulle heen te skuif nie en vlug al vir langer as 2 jaar so met die honde van een plek na die ander. Die honde moet van hom verwyder word.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die afle van die eed nie en beskou die eed as bindend op my gewete.

A G Dick

[illegible]

Moorreesburg 2024/11/08 10:10

CJ COETZEE
WARRANT OFFICER

(HANDTEKENING), KOMMISSARIS VAN EDE
(SIGNATURE) COMMISSIONER OF OATHS

VOLLE VOORNAME EN VAN IN DRUKSKRIF
FULL FIRST NAMES AND SURNAME IN BLOCK LETTERS

BESIGHEIDSADRES (STRAATADRES)
BUSINESS ADDRESS (STREET ADDRESS)

RANG
RANK

SA POLISIE
SA POLICE

0 8 NOV 2024
MOORREESBURG
COMMUNITY SERVICE CENTRE